## INSTRUKSIES AAN OUTEURS

Die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* word deur die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van die Vrystaat gepubliseer. Dit is ’n geakkrediteerde, nasionale, akademiese tydskrif wat vakwetenskaplike en interdissiplinêre artikels van hoogstaande akademiese gehalte met ’n eietydse historiese of politiek/staatkundige strekking publiseer. Alle voorgelegde artikels word deur minstens twee vakgenote gekeur en beoordeel. Artikels wat in die tydskrif verskyn, kwalifiseer vir subsidiedoeleindes by die Departement van Onderwys. Bladgeld word gehef. Tans beloop dit R120,00 per bladsy. Soms word ’n aantal gelyksoortige of verwante artikels saam gepubliseer. Gasredakteurs kan gebruik word om die redaksie met so ’n teikengerigte uitgawe by te staan. In so ’n geval behou die redaksie egter finale seggenskap oor en verantwoordelikheid vir alle uitgawes. Oorsigartikels en boekresensies sal ook vir publikasie oorweeg word.

Die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* verskyn ten minste twee keer per jaar (Junie en Desember) en intekengeld bedra R75,00 per uitgawe (uitgesonderd spesiale uitgawes), posgeld ingesluit.

Artikels sal op lêer geplaas word en die keuringsproses sal begin sodra aan die volgende vereistes voldoen is:

- ❖ Slegs artikels wat oor onderwerpe **vanaf 1945 tot die hede** handel sal vir publikasie oorweeg word, en ook slegs artikels waarvan die inhoud op sub-Sahara Afrika, en in besonder Suid-Afrika, betrekking het. (Hierdie reëling is nie op spesiale uitgawes van die *Joernaal* van toepassing nie.)

- ❖ Alle bydraes moet OF in getikte vorm (dubbelspasiëring) voorgelê word (drie kopieë), tesame met ’n rekenaarlaserskryf (CD) (wat nie teruggestuur sal word nie), OF die artikel moet elektronies versend word na malanj@ufs.ac.za

- ❖ Bydraes moet tussen 15 en 25 gedrukte *Joernaal*-bladsye beslaan (**5000-8000 woorde**), insluitende voetnote, bylaes en bronnelys. Slegs sodanige artikels sal vir plasing oorweeg word.

- ❖ Skriftelike waarborg moet gegee word dat die artikel aan geen ander tydskrif voorgelê is nie.

- ❖ Die Chicago- sowel as die Harvardstyl van verwysing is aanvaarbaar. In laasgenoemde geval word ’n volledige bronnelys verlang. Artikels waarvan die verwysingstegniek nie met dié van die *Joernaal* ooreenstem nie, is onaanvaarbaar en sal aan die outeurs teruggestuur word. (Wat tegniese en ander besonderhede betref, let asseblief altyd op die jongste uitgawe van die *Joernaal*.)

❖ Kaarte, sketse, ens. moet in swart en wit wees, van ’n hoë resolusie, 300 dpi, en moet OF op CD, OF as ’n aparte dokument elektronies gestuur word (dit wil sê **nie** as deel van die teks nie).

❖ ALLE BYDRAES MOET TAALVERSORG WEES.

❖ ’n **Opsommende paragraaf in Engels** (ongeveer 200 woorde) moet alle artikels vergesel.

❖ Die kernredaksie neem die finale besluit betreffende die plasing van artikels. Geen korrespondensie sal hieroor gevoer word nie.

❖ Bydraes moet aan die Redaksionele Sekretaresse, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, BLOEMFONTEIN, 9300, Republiek van Suid-Afrika gestuur word.

Menings in die *Joernaal* uitgespreek, of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywers en moet nie beskou word as ’n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die redaksie nie. Indien u enige navrae sou hê, verwys ons u na die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| * | Telefoonnommer: | 051 401 2330 (Departement Geskiedenis) |
| * | Faksnommer: | 051 444 5803 |
| * | E-pos: | malanj@ufs.ac.za |
| * | Telefoonnommer (redaksie): | 051 401 2704<br>of<br>051 422 4772 |

## INSTRUCTIONS TO AUTHORS

The *Journal for Contemporary History* is published by the Department of History, University of the Free State. It is an accredited, national and academic journal which comprises academically outstanding articles of a contemporary historical or political nature. All articles which are submitted will be refereed by at least two experts in the field. Articles published in the *Journal* qualify for a subsidy from the Department of Education. At the moment page fees are R120,00 per page. Sometimes a few related articles will be published simultaneously. Guest editors may be used to assist the editorial board with such a targeted (specialised) edition. In such case the editorial board will still have the final say and will still be responsible for all editions. Review articles and book reviews will also be considered for publication.

At least two issues of the *Journal for Contemporary History* are published annually (June and December). The subscription fee is R75,00 per edition, including postage (excluding special editions).

Articles will be filed and the process of refereeing will commence as soon as the following requirements have been met:

- ❖ Only articles that deal with topics **from 1945 up to the present** will be considered for publication, and also only articles that deal with sub-Saharan Africa, and in particular South Africa. (This rule is not applicable to special editions of the *Journal*.)

- ❖ All contributions should be submitted EITHER in typed form (three copies; double spacing), together with a computer disc (CD) (discs are not returned to authors), OR the article must be sent electronically to malanj@ufs.ac.za

- ❖ The length of articles should be between 15 and 25 printed *Journal* pages (**5000-8000 words**), including footnotes, schedules and source list. Only such articles will be considered for publication.

- ❖ A written guarantee that the article has not been submitted to any other publication, is required.

- ❖ The Chicago as well as the Harvard styles of referencing are acceptable. In the latter case a complete source list is required. Articles of which the referencing technique does not comply with that of the *Journal*, will not be acceptable, and will be returned to the author. (As far as technical and other related matters are concerned, please consult the latest edition of the *Journal*.)

- ❖ Maps, sketches, etc. must be in black and white, must be of a high resolution, 300 dpi, and must EITHER be sent on a CD, OR electronically as a separate document (i.e. **not** as part of the text).

- ❖ ALL ARTICLES MUST BE LANGUAGE-EDITED.

- ❖ An **English summary** of about 200 words should accompany all contributions.

- ❖ The final decision concerning the publication of articles lies with a subcommittee of the editorial board. No correspondence will be carried on in this respect.

- ❖ Contributions should be addressed to: The Editorial Secretary, *Journal for Contemporary History*, Department of History, University of the Free State, PO Box 339, BLOEMFONTEIN, 9300, Republic of South Africa.

Opinions expressed in the *Journal*, or conclusions made, are those of the authors alone and do not imply the endorsement of the editors. Should there be any further enquiries, you are referred to:

| | | |
|---|---|---|
| * | Telephone number: | 051 401 2330 (Department of History) |
| * | Fax number: | 051 444 5803 |
| * | E-mail: | malanj@ufs.ac.za |
| * | Telephone number (Editorial Secretary): | 051 401 2704<br>or<br>051 422 4772 |